# OESTYD

## 1ste kwartaal 2012

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

## SENDINGFEES

**So 19 Feb 09:00 Koerde**

**So 19 Feb 18:00 Limpopo Sending, en John de Kock**

**Vr 24 Feb 18:30 Sendingete, met**

- **Allen en Ansie van der Merwe van Mosambiek, asook**
- **Hannes Peens van Limpopo sending**

**So 26 Feb 09:00 Laudium - Sada gee sy getuienis.**

## ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

*Nuusbrief September 2011*

*Khmer-Christen wees in Kambodja*
Die man lyk oud, sy lyf afgetakel deur die harde lewe van ure in die ryslande werk. Hy is een van die Veritas- deelnemers. Hy vertel my van die leegheid in Boeddhisme wat hom twintig jaar gelede na Christus laat draai het. Hy is die enigste Christen in sy familie en dorpie. Hy vertel hoe hy gespot en geteister is en

van sy trane voor God. Eendag kom hy af op ŉ groep mense, vergader om sy ma; sy lê dood op die grond. Met durf en geloof vra hy dat die mense hom ŉ kans moet gee; hy wil vir Christus vra om in te tree. Met sy hande gelig en in trane het hy God begin smeek en sy ma het opgestaan. Nou is sy ma ook ŉ gelowige, maar niemand anders in die dorpie glo nie. Hy en sy "vreemde" geloof word nou verdra. Op sy fiets neem hy die Woord na ander dorpies ver van sy huis af. Sy geloof en die Woord van God is vir hom die belangrikste aspek in die lewe.

*Bamboo Shoot* *Angdong Ta'Een*

Nary en Veasna het gevra dat ek betrokke raak by hulle kerk in Angdong Ta'Een, so 30 minute se ry van Phnom Penh af. Ek is verantwoordelik vir die volwassenekerk en hulle vir die kinders. Dit is hoofsaaklik evangelisasie.
In dié dorpie is daar 30 gesinne wat oor ŉ put rioolwater bly. Die groep mense bestaan uit bedelaars en ouens wat enigiets sal doen vir ŉ paar reil. Dit is net natuurlik dat die kerk ook by hierdie mense betrokke te wees.

Die nood in Angdong Ta'Een is groot. Die area is gebrandmerk as die blyplek van diewe – die mense steel om kos te hê. Daarom is dit ŉ ongelooflike seën dat Rtxray betrokke geraak het en die aankoop van rys borg. Ons kan nou elke maand 10kg rys vir 20 gesinne en vir 6 bejaardes gee. In die Sondagskool klas (50kinders) is daar 13 kinders wie se ouers ook baie arm is, hulle ontvang elk 7kg rys. Die droom is dat die blyplek van diewe in die toekoms bekend sal staan as die blyplek van God se heerlikheid!

*'Global Challenge team'*

Die Global Challenge team het gehelp om in Angdong Ta'Een mure te bou vir hutte wat nie gehad het nie. Dit het vereis dat van hulle ook in die rioolwater moes klim en help om nuwe stutte vir hutte wat wou omval in te sit en selfs een hut te herbou. Dit was ŉ ongelooflike getuienis omdat geen Khmer hom so sal verneder vir ŉ ander om in riool te staan en te help om ŉ hut herbou nie.

*Maandelikse 'snippers' September 2011*

VERITAS NETWORK CAMBODIA

Saran begin Saterdag met sy BA in bestuur studies. Bid asb vir hom – hy moet elke Saterdag en Sondag 8h00-17h00 klas draf. Hy sal van nou af elke Vrydag af wees, hy sal egter die Vrydae werk waneer naweke publieke vakansie dae is en semester vakansies wanneer hy nie klas draf nie. Dié feit dat hy eendag minder 'n week werk sal van ons almal in die kantoor aanpassing vra. Hy het geen ander visie as Veritas nie en sy is studies tot ons voordeel.

Die regerings registrasie is nog aan die gang – daar was klein veranderinge wat ons moes aanbring: ons moes 'n foto van die personeel voor die kantoor afgeneem gee en ook 'n organogram. Die is 'n baie belangrike gebedspunt. Ons het nie die 'Board members' se name in die aansoek ingeskryf nie, veral omdat ons nie weet wat die regering daaroor sal dink dat 'n uitlander die uitvoerende 'Board member' is nie.

*BAMBOO SHOOT*

*Sok se village*

Ek jubel en juig oor die wonder van God se gebruik van projekte om mense na Hom te bring. Die vrou wat die waarseêr was en haar man het Christus aangeneem en daar gaan nou 'n huiskerk in hulle huis begin. Bid asb vir hulle, hulle ervaar erge geestelike aanvalle.

*Angdong Ta'Een – Nary & Veasna*

Oiej dit is nie lekker om die mense te besoek nie. Die krotte waarin hulle bly se vloere is in die riool water. Die hut wat ons help herbou het staan hoeër as die ander, die gesinnetjie sal nie die jaar hoef te 'vlug' na hoeër grond nie en sal ook vir ander wie se huise onder water is kan huisves. Van die mense se hutte se vloere het al pad gegee. Ek bid dat die Here dit vir ons moontlik sal maak om te kan help om die huise te herstel en op hoeër pale te sit as die vloede weg is.

Rtxray se fondse - Nary en Veasna is besig om die rysgeld tot die uiterste toe te rek. Die maand is daar vir 26 gesinne 10kg rys gegee en vir 13 kinders 5kg rys. Ook het kinders wat skool toe moet gaan skryfboeke en penne ontvang.

*Gebedsversoeke Oktober 2011*

*Suid-Oos Asië Oorstromings*

Die jaar se vloede is baie erg en duur lank. Ongeveer 2 maande van monsoon reëns het veroorsaak dat die Mekong rivier regdeur Suid-Oos Asië oorstroom. Die Mekong rivier begin in Sjina, loop deur Suid-Oos Asië en kronkel dwarsdeur Cambodia. Thailand het die ergste vloede in haar geskiedenis; Kambodja, Thailand en Vietnam het julle gebede nodig.

*Kambodja*

Daar word gesê dat meer as 13% van die land se rys velde al vernietig is en in party plekke styg die water nog steeds. Sok sê dat in sy area is daar 'n boer wat selfmoord wil pleeg – al sy lande is vernietig. Die vloede in Kambodja en buurlande gaan veroorsaak dat die prys van die lande se stapel voedsel (rys) sal styg – soos dit altyd is sal die ouens wat arm is die swaarste kry.

17 van die 23 provinsies is as nood areas verklaar, amper 300 000 families is al geraak deur die vloed en 32 000 families moes van hulle huise af vlug. Intussen is 206 mense dood, party agv slang byte wat ook probeer om uit die water te kom.

*Veritas*

Ons het nog niks weer gehoor van die registrasie van VNC nie, moet asb nie ophou bid hiervoor nie.

Proeflees en vertalings: Ons is stadig maar seker besig met die proeflees van Mod 3, baie aanpasing word gemaak om die lesse binne die Khmer konteks te laat val sonder om die kern van die lesse te verloor. Loof saam die Here dat die Veritas handbook van ‘How to interpret the Bible’ (Dr Bennie Wolvaardt) feitlik klaar vertaal is en dat ons darem al 3 van die 30 hoofstukke klaar geproeflees en gekorigeer het. Die peroneel vind dat die vertalings hulle regtig baie help. Dit vul die leemte van die te kort wat die Khmer ervaar tov die min boeke beskikbaar om navorsings te kan doen om hulle kennis aan te vul/verbreed.

*Nuwe personeel:* Ons het ook 2 nuwe deeltydse (1 wk/mnd) ‘personeel’ vir ‘n proeftydperk in ‘diens geneem’. Hulle sal hoofsaaklik in die provinsies waar hulle woon opleiding doen, maar ook in buurprovinsies. Ek is Desember op vakansie en daarom het ons besluit dat hulle saam met Tharoath (Nov & Dec) na Skon sal gaan waar hy Mod 1 opleiding doen. Hy sal hulle dan ook begin oplei as fasiliteerders van Mod 1. Ek sal dan vanaf Januarie saam met hulle wees vir ‘n 3 maande proeftydperk waartydens hulle elkeen met 'n mod 1 groep in hulle areas sal begin. Siam SomOun (Male 42jr. oud )‘n Methodist Pastoor en Khoun SokVanna (Man 25jr. oud ) ‘n Phnom Penh Bybelskool gegradueerde.

*Veritas peroneel en die vloede*

Vanoggend was Tharoath laat, die vloedwater in sy huis se geografiese area het oornag verskyn. Gelukkig is sy huis op bietjie hoeër grond gebou

Sok se area is heeltemal onder water, dit is water is amper gelyk met sy skouers om sy huis. Hy sê dat die boere hulle beeste met klein bootjies na ander areas moes vervoer. Die water het letterlik in party plekke oornag gekom en alles weg gesleep.

Gime – Die vloed water is vanaf eergister besig om in die pad om haar erf te styg. Haar motorfiets is die week gesteel, sy het dit met drie slotte gesluit maar dit het nie gehelp nie. Bid asb vir die familie wat die een terugslag na die ander ervaar, loof ook die Heer vir hulle geloof wat vas staan in Hom.

*Bamboo Shoot*
*Angdong Ta'Een*
Die area is erg onder water, almal moes al ontruim omdat hulle huis nou in die water is, van die huise agter die huis steek net die dak uit. Ek is dankbaar vir die geld wat ons vanaf KPO ontvang het om die huise te kan herstel; ons moet wag vir die water om te sak. Bid asb vir die mense hulle lewensomstandighede is haglik.

Nary en Veasna se huis val ook uitmekaar; hout termiete. Hulle het al op slange in die huis afgekom wat deur die verotte hout se openings inkruip.

Re vloede
- Vir die mense in Kambodja, Thailand en Viëtnam.
- Dat die reëns gou sal ophou, dat die vloed water vining sal sak in die grond wat alreeds deurdrenk is.
- Dat die Khmer genoeg 'flood relief' sal ontvang
- Dat 'n wonderwerk met ons landerye en rysoes sal plaasvind.
- Gime, Sok, Tharoath en Veritas deelnemers wat deur die vloede geraak word.

*Algemeen*
- VNC – Regerings registrasie, proeflees en vertalings, nuwe personeel.
- Angdong Ta'Een - die mense, sondagskool en die huiskerk.
- Ons in die Here se wil en Sy hand oor ons.

*More prayer requests – October 2011*

Please pray …

- For God's grace within all the challenges the flooding brought to the doorsteps of Thailand (the worst flooding), Cambodia and Vietnam.
- Last week I picked up one or other infection in my armpit from a grandma at Angdong Ta'een. We laughed and joked as she is much shorter than me and as she fit nicely in under my arm … her shaved hair cut into my skin, through my blouse. It now seems as if I have fungus-ringworm like type infection (even though the incubation period is to short) in my armpit. It is really painful.

*E-pos November 2011*

Ek sien nogal regtig uit na die sommer net wegbreek en vakansie saam met my kinders gedurende December

Oorspronklik het ek net beplan om die laaste 2 weke van Dec SA toe te gaan, maar het saam met Ivan besluit dat ek vroeg Dec sal gaan – die beplannig was

oorspronklik om ‘n internis vir ‘n general check –up in ‘HF’ te sien maar die internis wat my voorheen gesien het is nou gedurende Dec op verlof. Wil net gou se dat ek nie mediese probleme het nie, dat dit net ‘n opvolg sal wees van ondersoeke wat ‘n pr jaar gelede plaas gevind het

My beplanning is, DV, om nie weer voor Jan 2013 SA te besoek nie – het al afsprake in gemeentes vir Feb 2013

Seen vir julle almal en as ons mekaar nie sien nie ‘n geseende nuwe jaar vir julle

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

*Nuusbrief Augustus 2011*

*Getuienisse en dankie sê briewe maak ons dag!!*
Omwiwa Yesu (Radioprojek) luisteraars bring groot vreugde en dankbaarheid in ons lewens.
Benjamin woon in Namarroi, ‘n klein dorpie ongeveer 80km vanaf Gurue:
“Ek is dankbaar vir die program want dit bring vir ons temas uit die evangelie wat ons vroeër nie gehoor het nie. Ons kerk leiers praat nou ook meer reguit oor wat in die Bybel staan oor praktiese goed wat God nie van hou nie. Ek hou baie van hierdie program die program steek niks weg nie. Hulle vertel van dit wat goed is en dit wat sleg is, wat elkeen van ons op ons weë sal vind. Dit verduidelik ook baie verse en hoofstukke in die Bybel vir my. Die Here seën die wat Uwiwa Yesu se programme vir ons bring.

*Die “dorings” in ons vlees*
Allen het weer malaria, en dit tap sy energie en moed baie. Daarmee saam het hy baie pyn in sy een hak, hy kan kwalik daarop trap. Ekself het `n week terug ‘n bloedklont in die been gehad

- Bid asb dat hierdie sake nie ons fokus vertroebel nie.
- Bid asb vir ons gesondheid.

*Sendingveld RAAK mens se binnekant diep*
Die ou man lê in wit doeke toegedraai, op ‘n dun grasmatjie, agter in die bakkie. Die hospitaal stuur hom huistoe, kan niks meer vir hom doen nie. Ons vat hom na sy familie-erfie 40 km vanaf Gurue. Met ons aankoms by die modderhuisie, begin

die vrouens hartseer huil, die een roep "my papa my papa". My hart was so seer ek het saam met haar gehuil. Mens voel so magteloos, want ons het nie beheer oor lewe of dood nie. Hulle het ook geweet dis net `n kwessie van tyd voor hy afsterf. Sulke dinge laat mens net weereens besef die dood is net soveel deel van die lewe as die lewe self.

Ons laai 'n swanger mamma op, met die skares wat juig en "joedel" van opgewondenheid oor 'n nuwe aankomeling. Die vroutjie is in kraam, ons vat haar hospitaal toe.

Ek sien die onversorgde kindertjies wat rondhardloop en elke dag leef met minder as die minste moontlik. Ek sien die vrouens wat swaar dra aan water en hout. Ek sien manne wat fietse stoot met sakke mielies, swaarder as hul eie liggaamsgewig.

Wat `n kontras van emosie wat ons soms moet deurgaan op die sendingveld! Soms wens ek: "Here, haal my hier uit, sit my in `n besige daaglikse roetine van `n agt tot vyf werk, waar ek met papiere werk en geen wisselende mens emosies ervaar nie!" Volgende dag hoor ek weer die Here se stem: "Wie sal ek stuur?". DAN.... weet ek.. vandag, nou, hier, is dit ek wat hulle moet vertel van Sy liefde, Sy omgee, Sy versorging.

*September-Oktober 2011 Nuusbrief*

EK en MYSELF...

Dankie dat julle tyd afstaan aan ons bediening deur hier te lees en vir ons te bid. Mens raak so besig met jou eie dinge dat jy soms nie luister en nie raaksien nie. Julle sien elke maand raak en "luister", ons waardeer dit opreg. Ons het hierdie maand 'n harde les geleer oor hierdie saak, ons het die wêreld en ons medemens se behoefte en nood geheel en al mis gekyk. `n Ouderling kom leen geld om op Radio Gurue uit te saai dat sy suster oorlede is – 'n gebruik wat hulle het om so kennis te gee. Allen leen die geld sonder om twee keer te dink. Die volgende dag vra een van ons "wagte" vir 'n voorskot. Weer gee Allen aan hom geld en dit is afgehandel. Na twee dae hoor ons dit is die wag se vrou wat oorlede is!! Die suster van die ouderling is ook die wag se vrou. As gevolg van ons kortsigtigheid, het ons nie meegevoel betuig en ook nie die begrafnis bygewoon nie. Julle kan net dink hoe ons sleg ons voel. Ons almal op die erf, ook die Radio Projek personeel, het na die huis gery en besoek gaan aflê.

*Omwiwa Yesu (Radioprojek) laat mense glimlag!!*

Ons ervaar 'n wonderlike gees in die dorp as die mense ons sien, almal praat net van Omwiwa Yesu. Ons saai nou tien programme per week uit. Die

programmeerders deel ook kasette uit met die programme wat reeds uitgesaai is. Briewe stroom steeds in. Ons harte is baie opgewonde oor die effek van Omwiwa Yesu in mense se lewens.

*Ons eie lidmate as evangeliste opgelei*

Van ons ouderlinge wat na Macuba vir verdere opleiding gestuur is, sal as evangeliste kan werk met hul terugkoms. Ons wil graag iemand uit Pebane omgewing inskryf vir die komende jaar, en die persoon moet nog geidentifiseer word. Indien u by hierdie projek betrokke wil raak, kontak ons asseblief.

*Die genade-bakkie*

Ons was oppad na Milanje verlede maand en verloor toe so ampertjies die bakkie se diesel tenk! Allen het plan gemaak om die tenk weer vas te sit, maar in die proses het die een staal pypie wat diesel deurvoer, gebreek. Die Here se beplanning is altyd presies op tyd! ‘n 4x4 uitreikgroep van Lynnwoodrif gemeente, het hier oorgeslaap en het die regte pypie vanaf Toyota saamgebring. ‘n Rukkie gelede het die Here ook so voorsien met bande vir die bakkie. Hy hou waarlik Sy hand van beskerming oor ons, en Hy is daar as ons nood het.

*Opgedroog....de put*

Die Here weet net wanneer om Sy seën oor ons te strooi. Die put is droog, maar die eerste somer-reëns het geval. Nou kan ons water opvang vanaf die geute. Ons loof Hom vir Sy goedheid

*Nuusbrief November/Desember 2011*

So aan die einde van 2011: Dankie weereens vir julle getroue gebede en ook belangstelling in ons bediening in Gurue.

*Blitsige SA besoek*

Ons was vinnig in Suid Afrika in Oktober tot middel November, Allen het by ‘n dokter uitegekom oor die hak: hy het twee kortesoon inspuitings gekry en baie sterk pyn en anti-inflamatoriese medikasie. Intussen drink hy steeds die medikasie wat vir hom voorgeskryf is. dit lyk of die genesing stadig plaasvind. Ansie kon ook ‘n belangrike opvolg-besoek by die tandarts doen.

In die tyd wat ons van die huis af weg is, is ons een worshond dood. Ons het darem drie klein Jack Russeltjies ryker geword, Allen moes veearts speel en hulle in-ent teen katgriep (spuite wat ons van SA af saam gebring het).

Dit was ook heerlik om tyd saam met Allen se broer van Australie te kon deurbring, nadat ons mekaar 5 jaar gelede laas gesien het.

Een van die programeerders is baie siek met ‘n hart probleem. Die medisyne is onbekostigbaar, byna R2000. Indien iemand wil bydra hiervoor, sal ons baie bly wees.

*Drie(dalk vier)-in-een-rit*

Naby die Zimbabwiese grens lê die dorpie Chimoyo (800 km van Gurue af). Daar kan baie dinge gedoen word:

- Een van ons gemeentelede gaan `n opleidings program bywoon oor hoe om met bye te boer en korwe te bou. Ons hoop dat ons so ‘n projek in Calani gemeente kan begin.
- Ons neem die Jack Russel tefie na ‘n veearts vir “regstellende” aksie
- Die bakkie moet nou jaarliks ‘n padwaardigheids-toets deurgaan
- As die verblyfpermitte in Quelimane klaar is, kan dit ook afgehaal word (wat ‘n bonus sal wees!)

*Kerstyd*

Ons beplan om by een van ons gemeentes `n program op Kersdag aan te bied waar ons dalk meer films gaan vertoon oor die Kersboodskap. Hierby wil ons ‘n iets vir die vrouens en kinders insluit

Mag die Here jou en jou gesin seën in die feestyd, en mag Hy julle deurdra en in Sy beskerming hou in 2012

## LAUDIUM – Johan Naude skryf vir ons

**Report-back on the Activities of the Laudium Outreach Group October 2011**

1. *Monday Outreach Endeavours*

   The previously-reported assistance received from the students from Operation Mobilisation, opened many more doors than what we have human resources for. Ideally we would have loved to have followed up on all the contacts made during this time, but due to the limited amount of outreach workers, only a few of these people have to date been visited again.

   Nevertheless, the ten to fifteen LOG-Members reporting for duty on a Monday evening are doing their utmost to reach as many people as possible with the Gospel of Jesus.

2. *Bible Distribution*

It had come to our notice that there was a great need for the provision of Bibles in the area, and we then decided to buy a number of Bibles – not to be handed out, but to be sold to people at a subsidised rate. We therefore purchased a limited number of English Bibles, at an amount of R30.00 a Bible, and announced in Church, that these were available at R10.00 a Bible. Great was our surprise, when these hardly had landed there, or all was sold out. We then purchased another batch – with the same result. Up to date, a total amount of 200 Bibles have been distributed in this way, and what an encouragement it is to see more and more people, who never had a Bible before, carrying these same Bibles to Church on a Sunday morning.

3. '*Mission Sunday' – Open Day*

The 18th of September we had a special 'Mission Sunday' at church, where we invited other churches, congregations and individuals to join us for the day, so that we could have the opportunity to inform them of the activities of the Laudium Outreach Group. A group of round-about thirty visitors arrived, and we believe they are now equipped much more, to intercede for us in a more effective way. The guests were also treated to a typical Indian meal.

*4. Financial Matters*

Once again we would like to thank to the Dutch Reformed Church – Rietfontein Congregation for their valued contribution towards this Ministry. May the Lord richly bless you for your share in this Outreach venture for His Name.

5. *Prayer Requests*

Please continue to pray for the Lord's protection over us, and that He will move through Laudium by His Spirit and bring about a mighty Revival in this area.

Please also pray for more 'labourers' to assist in gathering the harvest for our Lord.

***Briewe ontvang:***

**October 2011**

Ever wondered what it must be like to worship a multitude of gods at the same time – the three main gods being referred to as the 'Trimurti', which is Brahma – the

creator; Vishnu – the conserver; and Siven – the destroyer? And then if you want good luck, you go to the god (Lakshmi), and if you need wisdom, to another (Sarisvati), and if you need protection for your child, you go to even another, called Katari? This is what you find in Hinduism.

Against this background, we proclaim Christ - who said in John 14 : 6 "I am the way, the truth and the life; no one comes to the Father but by Me." A God who says in Exodus 20 : 2 - 5 "I am the Lord your God who brought you out of Egypt, where you were slaves. Worship no god but Me. Do not make for yourselves any images of anything in heaven, or on earth, or in the water under the earth. Do not bow down to any idol or worship it, because I am the Lord your God, and I tolerate no rivals."

Hindu people in general won't mind accepting Jesus as merely being 'one of the gods' – but this obviously is not according to the precepts of the Bible.

For a Hindu to become a Christian, in essence will mean :-
- that he denounces all the other gods that he had prayed for in the past,
- that he asks Jesus to forgive him for worshiping such,
- and that he then accepts Jesus Christ as his Saviour, who, in unity with the Father and the Holy Spirit, is the only true and living God.

For this to happen, calls for a super-natural intervention in a person's life – a genuine miracle from God! Firstly, for the opening of the minds of people, to grasp the fullness of this truth, and secondly, for them to have the willingness to take this gigantic step in faith.

"But is such a thing possible?" Absolutely yes! This is why we need your prayer support so much. Dr Willie Marais one day said "Man on his knees, moves the hand of God." and also, "God had appropriated a part of His omnipotence, in the folded hands and bent knees of His children." Please pray with us that God would bring conviction to the hearts of people and draw them to Himself.

*Prayer guide*
- Please pray for all the new 'disciples of Jesus' who had recently accepted Him, that God will keep them safe from the 'evil one'.
- Pray for a real God-sent spiritual revival to sweep through the Church and for the members of the Church to once again become aware of the holiness of God.
- Please pray that the Lord would send more 'Labourers into His vineyard'. The harvest really is more plentiful than what we can handle with the resources at hand.

- Pray for each of the members of the Laudium Outreach Group – that the Lord will protect them and use them for the extension of His Kingdom.
- Thank you to everyone who so faithfully support this ministry in so many ways. May the Lord bless you abundantly for your participation.

**December 2011**

Every year at this time, Christians throughout the world celebrate the fact that Jesus Christ came into this world – first of all, to be crucified in order to reconcile man to God, and secondly, to destroy the works of the evil one. (1 Jn.3:8).

We often do encounter these 'works of the evil one' in our field of labour - amongst others, in the form of witchcraft – where someone actually calls on the power of the devil, to detrimentally affect the lives of other people. In Brazil for instance, 'voodoo' is used as a means to torture and eventually eliminate your opponent – whoever he may be. The Muslims – even here in South Africa, practice something called 'zanzibari witchcraft' towards the same end. Witchcraft is also practiced amongst Hindu devotees, and these practices are so prevalent and feared in the Indian community, that Hindu parents generally attempt to protect their children against various forms of witchcraft, by putting a black dot on the child's forehead, in order for Katheri (one of the Hindu gods) to "turn away the evil eye" of anyone who would want to harm the child in this way. In such cases, the occult practice of 'white magic' is utilised in order to counter-act the 'black magic' which would have been done by any such 'evil-doer'.

Though many people choose to live in denial of such phenomena, and others simply try and argue it away as being some kind of psychological condition, we often encounter this in our line of ministry and have been called on numerous occasions to assist people, by calling on the Name of Jesus, to be delivered from such curses. I have personally witnessed many incidences where Jesus Christ had set people free from the bondage of the devil, if they would but turn to Him whole-heartedly and repent from their sinful practices.

I for one, do not think that Jesus would have said, "Believers will be given the power to perform miracles, they will drive out demons in My Name …" (Mark 16 : 17) if He didn't really mean it to be applicable today.

I had the privilege two weeks ago, of experiencing a young lady being set free in the Name of Jesus, from the power of 'love magic', which spell was brought upon her by one of her relatives.

*Prayer guide*

- Please continue to pray for this young lady and her family. Her father, who has been a 'church-goer' of some sorts for a number of years already, after seeing what Jesus has done for his daughter, fully committed his life to Jesus. He went home and took all the images which were mainly used by his family in idol worship, and destroyed and burnt it all. The Hindu contingent of his family obviously was up in arms regarding the action he took, but he is still convinced that this is the way God had led him to go. Pray also for the conversion of the other members of his family.

- Please pray for the Christian churches in Laudium. Oh how we long for God to visit us with a spiritual revival, similar to what was experienced and described in the Book of Acts. We thank the Lord for the 'spiritual rain that we are currently experiencing', but our prayer is for many more 'showers of His blessing to pour down and bring healing to this thirsty part of our country'.

From our side, we would just like to thank all who have been praying for and supporting this ministry throughout this year. May the Lord bless you for making it possible for us to continue with this calling. We sure salute you for that.

We would also like to pray God's blessing on each and every one of the members of the Laudium Outreach Group – they have diligently laboured for the extension of God's Kingdom and have spent many hours in reaching the un-reached for Christ. Thank you so much for your dedicated and voluntary labour in His service.

May you all experience a blessed festive season, with Christ in the centre of everything you experience and do. Happy holidays for those who have the opportunity to do so and may God bless you with both spiritual and material prosperity in 2012.

*January 2011*

We are starting this year with a real expectancy that God who is great, will also do great things during this year – even through this Ministry, and that people will come to know Jesus in a more meaningful way. Oh, how we pray for a fresh visitation by His Holy Spirit in the form of a God-sent revival !

Our first ‘project’ in Laudium this year, is reaching out in personal evangelism in the area, together with a group of about 40 international students from Operation. Please pray for God’s protection over the various teams, and that the Lord will give unto each one the right words to speak in effectively communicating the Gospel of Jesus to those who don’t know Him yet.

It was during the previous visit by the OM-team that one of the outreach groups met with a young lady outside her flat and she invited them into her home. She, and at a later stage also her son, committed their lives to Jesus. She said afterwards that when she met these people outside, she sensed that they were carrying the message of peace – and she testified that when these people entered her home, she also sensed this ‘peace’ entering her home.

Prayer guide

One of the things which make it extremely difficult for us to effectively communicate the Gospel, is the un-Christian like way in which so many so-called Christians conduct their lives. Please pray that people will once again become aware of the holiness of God, and that those who call themselves by His Name, will also live in a like-wise manner.

Thank you once again to everyone who have been praying for, and have been supporting this ministry in the past. May the Lord bless you for making it possible for us to continue with this, our calling.

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.

Vanaf Januarie tot end September vanjaar het die Here al borge vir 300 kinders en arm gesinne en bejaardes voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor !

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg teen R160 per maand.!

Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my ‘n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens ‘n oggenddiens te gee.

Hier volg ‘n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

*Operasie Kersliefde*
Die lewe is moeilik en uiters hard vir die armes in die gure winters van Oos-Europa. Kos is skaars of daar is glad nie kos nie. Baie mense word siek. Baie is moeg, moedeloos en van alle illusies gestroop. Ons het ŉ verassing vir hulle. Duisende mense ontvang pakkies wat items insluit waaroor hulle andersins net kan droom.
ŉ Operasie Kersliefde-pakkie is ŉ ware Kersgeskenk en die enigste luukse wat die gesin gaan ervaar. Dit is ŉ boodskap van hoop en liefde in ŉ seisoen wanneer gesinne veral behoeftig en kwesbaar is.

Periode wanneer OKL-pakkies versprei word:
Die tydsraamwerk waarin pakkies versprei word is amptelik Desember vir al die veldlande behalwe Oekraïne. In Oekraïne word Kersfees in Januarie gevier volgens die ortodokse Kerk se kalender. Donasies en goedere moet betyds gekoop en verpak wees sodat dit die behoeftiges betyds kan bereik. Die tydsberekening is dus altyd belangrik. Daar is egter ook ŉ program met Gesinsorg-pakkies waarby gesinne dwarsdeur die jaar baat.

Totale aantal pakkies:
ŉ Minimum van 30 000 pakkies sal aan kinders, bejaardes, gestremdes en gesinne oor Kersfees 2011 gelewer word.

Inhoud van ŉ OKL-Pakkie:
Ons doelwit is om die OKL-pakkie met so veel as moontlik korporatiewe skenkings te vul. Korporatiewe skenkings is goedere wat aan Sending Sonder Grense geskenk word deur maatskappye in Europa, Amerika en Kanada. Dit spaar ons geld en verhoog die waarde van elke pakkie. Elke pakkie bevat tipies blikkies vleis, poeiermelk, babakos, koffie, sopmengsels, rys, kookolie, suiker, meel, pasta, ingelegde vrugte en groente. Daar is ook lekkergoed en speelgoed vir die kinders en ŉ Nuwe Testament of ander Christelike boeke vir die hele gesin. Elke pakkie weeg gemiddeld 12kg.

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

| | |
|---|---|
| Ds Corné du Plooy<br>Sending Sonder Grense<br>Ds Hannes Peens (Limpopo) | Ds Leon Tait<br>012-333 2470 |
| Koerde | Cobus de Waal<br>082 749 7846 |
| Mosambiek radiostasie<br>Allen en Ansie vd Merwe | Japie en Ena le Grange<br>012-331 3953 |
| Gebedsketting<br>Laudium | Alet Briers<br>012-331 1311 |
| Alta Glas | Koenie Goosen<br>084 652 8773<br>012 333 5325 |

Sendinggroete in Christus
**Taakspan vir Sending**
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)